Duiwelsklou (*Harpagophytum procumbens*)

Produksie riglyne

Inleiding: Duiwelsklou is 'n meerjarige, knol plant wat gekenmerk word deur groot, buisvormige blomme van pienk tot donker violet in kleur. Duiwelskou het kenmerkende stekelrige of doringagtige vrugte.

Voortplanting: Duiwelsklou kan deur beide saad en sekondêre knol steggies vermeerder word. Lae ontkiemings persentasies en oorlewingsyfers is egter aangeteken. Duiwelsklou kan vinnig in weefsel kultuur vermeerder word met groot sukses. Weefselkultuur gebruik nodale en lootpunt eksplante wat op geskikte groeimedia gekweek word onder aseptiese toestande.

Verbouing: Duiwelsklou groei goed gedurende die somer, herfs en lente, maar het 'n dormante periode in die winter. Dit benodig sanderige leemgrond en temperature bo 27°C vir optimale groei. Die duiwelsklou landerye moet skoon gehou word van onkruide. Grondvog moet noukeurig gemonitor word om verrotting en verwelking te voorkom.

Besproeiing: Ligte besproeiing moet aan die begin van die lente toegedien word. Besproeiing kan verhoog word geduringde die somer verhoog. Verminder besproeiing weer gedurende die laat herfs. Besproeiing kan gestaak word gedurende die winter na gelang die grondvog vlakke. Oormatige besproeiing, veral in die winter, kan plant sterftes verhoog as gevolg van 'n hoër risiko van verrotting.

Peste en siektes: Die belangrikste plae van verboude duiwelsklou is swart plantluise, rooispinmyte en verrotting wat veroorsaak word deur patogene soos swamsiektes veroorsaak deur *Phytophthora* sp., *Rhizoctonia* sp. en *Pythium* sp. Landerye moet gereeld gemoniteer word vir peste en siektes.

Bemesting: Multivoedingstowwe moet toegedien word aan gevestigde duiwelskou saailinge. Bemesting moet gebaseer word op grondontledings. Geskikte N:P:K-kunsmis moet toegedien word en kan daarna opgevolg word met P-voedingstowwe wat wortelontwikkeling bevorder. Kunsmistoediening moet verdeel word, een toedining in herfs en weer een toediening in die lente.

Oes en droog: Duiwelsklou van weefselkultuur kan binne een jaar geoes word in teenstelling met die vier jaar vir saailinge. Die aantal sekondêre knolle wissel van 9 tot 21 per plant. Die vars massa geoeste knolle kan wissel tussen 561 g en 2076 g per plant.

Behandel gesnyde knolle vooraf met ‘n een minuuet doop in ‘s antioksidant om verotting en swamme te verhoed. Droog die knolle daarna af met 'n skoon, droë lap. Die geoeste materiaal kan in skywe gesny word en vir 1-3 dae in die oond by 45±5°C gedroog word. Alternatiewelik kan dit vir vir 3-6 dae onder skaduwee of volle son gedroog word totdat dit heeltemal droog is.

Kontak Besonderhede:
Prof. SO Amoo (AmooS@arc.agric.za)
Dr. MM Mofokeng (MofokengM@arc.agric.za) Dr. NT Sithole (SitholeNT@arc.agric.za)
Mr. KV Maedza (MaedzaK@arc.agric.za)
Ms. M Ramudzuli (MbavhaleloR@arc.agric.za) Mr. TJ Mahlangu (MahlanguT@arc.agric.za)